van 1986), en ook 'n persoon aangestel kragtens artikel 5 en artikel 6 van daardie Wet
as [onderskeidelik] 'n waarnemende balju en 'n adjunk-balju, en 'n persoon ingevolge
artikel 6A van die genoemde Wet aangewys om prosesstukke te beteken;

'gekombineerde dagvaarding' 'n dagvaarding met **['n opgawe van feite]** besonderhede van die eiser se eis daaraan geheg soos bedoel in subreël (2) van reël 17;

'griffier' ook 'n assistent-griffier;

'hof' met betrekking tot siviele aangeleenthede, **['n hof saamgestel ingevolge artikel dertien van die Wet]** die Hooggeregshof soos bedoel in artikel 6 van die Wet;

'hofdag' enige dag wat nie 'n openbare vakansiedag, Saterdag[,] of Sondag **[of openbare vakansiedag]** is nie, en by dié berekening van 'n tydperk van dae by dié reëls voorgeskryf of in 'n hofbevel bepaal, word slegs hofdae ingesluit;

'Meester' die Meester van die Hooggeregshof soos in die Boedelwet, 1965 (Wet No. 66 van 1965), omskryf;

'mutatis mutandis' 'onderworpe aan die nodige veranderinge';

'party' of 'n uitdruklike verwysing na 'n eiser of ander gedingvoerder, ook **[sy]** die party se prokureur met of sonder 'n advokaat, soos die samehang mag vereis;

'prokureur' **['n prokureur wat in die betrokke afdeling toegelaat en ingeskryf is, en geregtig is om as sodanig aldaar te praktiseer]** 'n regspraktisyn kragtens die 'Legal Practice Act', 2014 (Wet No. 28 van 2014), as sodanig omskryf, toegelaat en ingeskryf;

'regter' 'n regter wat elders as in die ope hof sit; en

['regter-president

'Republiek' ook die gebied Suidwes-Afrika;

'siviele dagvaarding' 'n siviele dagvaarding soos in die Wet omskryf;]

'Wet' die Wet op **[die Hooggeregshof, 1959 (Wet 59 van 1959)]** Hoër Howe, 2013 (Wet No. 10 van 2013)."

Vervanging van reël 2 van die Reëls

3. Reël 2 van die Reëls word hierby deur die volgende reël vervang:

"2 Sittings van die hof en [vakansies] resestydperke

(1) Die termynne en sittings van **[die hof van]** elke **[provinsiale en plaaslike afdeling soos deur die regter-president ingevolge]** afdeling van die hooggeregshof, soos deur die Hoofregter bepaal kragtens die bepalings van artikel [drie-en-veertig van die Wet voorgeskryf] 9(2) van die Wet, word in die *Staatskoerant* aangekondig en 'n afskrif daarvan word op die openbare kennisgewingbord by die kantoor van die griffier aangebring.

(2) As die eerste dag van 'n voorgeskrewe siviele termyn of strafsitting nie 'n hofdag is nie, begin die termyn of sitting op die eersvolgende hofdag en, as die laaste dag nie 'n hofdag is nie, eindig die termyn of sitting op die voorafgaande hofdag.

(3) Die tydperke tussen genoemde termyn is [vakansie] reses en die gewone werksaamhede van die hof word dan opgeskort, onderworpe aan subreël (4), maar minstens een regter bly beskikbaar vir werksaamhede *en* op dae deur die regter-president bepaal.

(4) Te alle tye sit dié regters op dié dae vir afhandeling van dié werksaamhede wat die regter-president bepaal.

(5) [As 'n voorsittende regter dit geleë ag, kan die hof op enige plek of op ander tye sit as dié wat voorgeskryf is ingevolge hierdie reëls of reëls uitgevaardig kragtens paragraaf (b) van sub-artikel (2) van artikel *drie-en-veertig* van die Wet, en die hof kan te eniger tyd gedurende 'n vakansie sit.]

(a) Indien dit vir die regter-president van 'n afdeling wil voorkom dat dit raadsaam of in die belang van geregtigheid is dat die hof op 'n tyd behalwe enige voorgeskrewe tyd sit, kan die regter-president gelas dat die hof op sodanige ander tyd sit, ook tydens reses.

(b) Indien dit vir die regter-president van 'n afdeling wil voorkom dat dit raadsaam of in die belang van geregtigheid is om 'n sitting van die hof te hou om enige aangeleentheid aan te hoor op 'n plek wat nie die setel of 'n plaaslike setel van die afdeling is nie, kan die regter-president, ooreenkomstig die bepalings van artikel 6(7) van die Wet, 'n sitting van die hof by sodanige ander plek hou."

Vervanging van reël 4 van die Reëls

4. Reël 4 van die Reëls word hierby gewysig—

(a) deur subreël (1) deur die volgende subreël te vervang:

"(1) (a) Prosesstukke van die hof, wat aan die balju gerig is, en behoudens die bepalings van paragraaf (aA) enige dokument waarby 'n aansoek begin word, word op een van die volgende maniere deur die balju beteken:

- (i) deur 'n afskrif daarvan aan die betrokke persoon persoonlik te oorhandig: Met dien verstande dat as [hy] die persoon minderjarig of andersins handelingsonbevoeg is, betekening aan die voog, kurator of dergelike belangewaarnemer van die handelingsonbevoegde persoon moet geskied;
- (ii) deur by die woon- of besigheidsplek van die betrokke persoon of van [sy] die persoon se voog, kurator of ander belangewaarnemer 'n afskrif daarvan by iemand te laat wat ten tye van die aflewering skynbaar in beheer van die perseel is en nie jonger as sestion jaar voorkom nie. As 'n gebou wat nie 'n hotel, losieshuis, hostel of soortgelyke woonplek is nie, deur meer as een persoon of gesin bewoon word, beteken 'woon- of besigheidsplek', vir die doel van hierdie paragraaf, dié gedeelte van die gebou wat deur die persoon aan wie betekening moet geskied, bewoon word;
- (iii) deur by die werkplek van die betrokke persoon of van [sy] die persoon se voog, kurator of ander belangewaarnemer, 'n afskrif daarvan aan iemand

- af te lewer wat nie jonger as sestien jaar voorkom nie en skynbaar in 'n gesagsposisie teenoor [hom] daardie persoon staan;
- (iv) deur in die geval waar die betrokke persoon 'n *domicilium citandi* gekies het, 'n afskrif daarvan by die *domicilium* af te lewer of te laat;
- (v) deur in die geval van 'n maatskappy of ander regspersoon by die geregistreerde kantoor of vernaamste besigheidsplek binne die hof se regsgebied 'n afskrif aan 'n verantwoordelike werknemer daarvan af te gee, of as daar nie so 'n werknemer is wat bereid is om die betekening te aanvaar nie, 'n afskrif aan die hoofdeur van so 'n kantoor of besigheidsplek te heg, of deur 'n ander metode te volg wat regtens geoorloof is;
- (vi) deur 'n afskrif daarvan aan enige verteenwoordiger af te gee wat behoorlik skriftelik gemagtig is om betekening namens die betrokke persoon te aanvaar;
- (vii) deur in die geval van 'n vennootskap, firma of vrywillige vereniging, by die besigheidsplek van sodanige vennootskap, firma of vrywillige vereniging op die wyse in paragraaf (ii) genoem, te beteken, en indien die vennootskap, firma of vrywillige vereniging nie 'n besigheidsplek het nie, dan onderskeidelik aan 'n vennoot, die eienaar of die voorsitter of sekretaris van die bestuur of ander beherende liggaam daarvan op een van die maniere in hierdie reël voorgeskryf;
- (viii) deur in die geval van 'n plaaslike bestuur of statutêre liggaam 'n afskrif te beteken aan die [stadsklerk, assistentstadsklerk of burgemeester] munisipale bestuurder of 'n persoon by die munisipale bestuurder van daardie plaaslike bestuur se kantoor, [en] of in die geval van 'n statutêre liggaam aan die sekretaris of 'n dergelike amptenaar, of aan 'n lid van die bestuur of komitee van daardie liggaam, of deur 'n ander metode te volg wat regtens geoorloof is; of
- (ix) deur in 'n geval waar twee of meer persone gesamentlik as trustees, likwidateurs, eksekuteurs, administrateurs, kurators of voogde aangespreek word, of op enige ander wyse as gesamentlike verteenwoordigers, aan elkeen van hulle te beteken op enige wyse in die reël uiteengesit;

Met dien verstande dat waar betekening ooreenkomstig subparagrafe (ii), (iii), (iv), (v) en (vii) van subparagraaf (a) gedoen is, gee die balju in die relaas die besonderhede van die wyse en omstandighede waaronder die betekening plaasgevind het, weer.

(aA) Waar die persoon aan wie 'n dokument waarby 'n aansoek begin word, beteken moet word, reeds deur 'n prokureur in die saak verteenwoordig is, kan die dokument aan sodanige prokureur deur die party wat die aansoek doen, beteken word.

(b) Betekening geskied so na as moontlik tussen die ure 7:00 en 19:00.

(c) Op 'n Sondag kan geen geldige betekening van 'n siviele dagvaarding, bevel of kennisgewing geskied nie, en kan geen prosesregtelike

stap, behalwe die uitreiking of tenuitvoerlegging van 'n lasbrief tot arrestasie, gedoen word nie tensy die hof of 'n regter dit gelas het.

(d) Dit is die plig van die balju of ander persoon wat die prosesstukke of dokumente beteken om die aard en inhoud daarvan aan die betrokke persoon te verduidelik en in [sy] 'n relaas of beëdigde verklaring of op die getekende kwitansie te meld dat [hy] die persoon wat die prosesstuk of dokument beteken, dit gedoen het.”;

- (b) deur in subreël (3) paragraaf (b) deur die volgende paragraaf te vervang:

“(b) deur iemand in subparagraaf (i) of (ii) van paragraaf (a) genoem, indien [hy] daardie persoon in so 'n land regtens gemagtig is om sodanige prosesstuk of dokument te beteken of indien die reg van so 'n land nie sodanige betekening verbied nie en die owerhede van daardie land geen beswaar daarteen geopper het nie.”

- (c) deur in subreël (5) paragraawe (b) en (c) deur die volgende paragraawe te vervang:

“(b) 'n Prosesstuk of dokument wat beteken moet word soos in subreël (3) bepaal, word aan die griffier afgelewer [met inkomsteseëls ten bedrae van R150,00 daaraan geheg: Met dien verstande dat inkomsteseëls nie vereis word waar betekening namens die Regering van die Republiek moet geskied nie].

(c) Die griffier stuur 'n prosesstuk of dokument wat ingevolge paragraaf (b) aan hom afgelewer is [, na rojering van die inkomsteseëls] aan die Direkteur-generaal van Buitelandse Sake of na 'n bestemming deur die Direkteur-generaal: [van Buitelandse Sake] Internasionale Betrekkinge en Samewerking aangedui, saam met die in paragraaf (a) bedoelde vertaling, vir betekening in die betrokke vreemde land. Die griffier moet [homself vergewis] seker maak dat die prosesstuk of dokument 'n voldoende tydperk toelaat vir tydigte betekening.”;

- (d) deur in subreël (6) paragraaf (b) deur die volgende paragraaf te vervang:

“(b) waar betekening nie deur die balju of ingevolge subreël (3) of (4) geskied het nie, deur 'n beëdigde verklaring van die persoon wat beteken het, en waar betekening in amptelike hoedanigheid aanvaar word deur 'n prokureur of 'n lid van [sy] daardie prokureur se personeel, of deur iemand namens die Regering van die Republiek, [die Administrasie van 'n provinsie] of deur 'n Minister, [Administrateur] premier of 'n lid van 'n uitvoerende raad, of 'n ander amptenaar van die Regering of so 'n [Administrasie] provinsie, deur die voorlegging van 'n getekende kwitansie daarvoor.”;

- (e) deur in subreël (6A) paragraaf (b) deur die volgende paragraaf te vervang:

“(b) Genoemde persoon moet elke sodanige dokument namens die persoon wat betekening gedoen het, by die griffier indien sodra—

- (i) [hy] daardie persoon die betrokke saak vir enige doel op die rol plaas;
- (ii) dit op enige wyse tot [sy] daardie persoon se kennis kom dat die saak bestry word;
- (iii) die griffier indiening aanvra;
- (iv) [sy] die opdrag om namens 'n party op te tree, indien [hy] die persoon 'n regspraktisyn is, op enige wyse beëindig word.”;

(f) deur in subreël (7) paragrawe (a) en (b) deur die volgende paragrawe te vervang:

“(a) deur 'n sertifikaat van die persoon wat ingevolge paragraaf (a) van subreël (3) of subreël (4) beteken het, waarin [hy homself] die persoon sigself identifiseer, vermeld dat hy of sy deur die reg van daardie land gemagtig is om prosesstukke of dokumente te beteken en dat die prosesstuk of dokument beteken is ooreenkomstig die reg van daardie land, en die wyse en die datum waarop sodanige betekening geskied het, uiteensit: Met dien verstande dat die sertifikaat van iemand in subreël (4) bedoel behoorlik gewaarmerk moet word; of

(b) deur 'n sertifikaat van die persoon wat ingevolge paragraaf (b) van subreël (3) beteken het, waarin [hy] daardie persoon vermeld dat die prosesstuk of dokument deur hom of haar beteken is, die wyse en datum waarop sodanige betekening geskied het en bevestig dat [hy] die persoon in die betrokke land regtens gemagtig is om prosesstukke of dokumente te beteken of dat die reg van so 'n land nie sodanige betekening verbied nie en dat die owerhede van daardie land nie enige beswaar daarteen geopper het nie.”;

(g) deur subreël (10) deur die volgende subreël te vervang:

“(10) As die hof nie oortuig is dat die betekening effektief was nie, kan [hy] die hof na goeddunke verdere stappe voorskryf.”;

(h) deur subreël (11) deur die volgende subreël te vervang:

“(11) Wanneer 'n versoek om betekening aan iemand in die Republiek van 'n siviele prosesstuk of sitasie van 'n staat, gebied of hof buite die Republiek ontvang word en [ingevolge] kragtens die bepalings van subartikel (2) van artikel [drie-en-dertig] 40 van die Wet aan die griffier van 'n provinsiale of plaaslike afdeling gestuur word, stuur die griffier aan die balju of aan iemand wat deur 'n regter van die betrokke afdeling aangestel is vir die betekening van sodanige prosesstuk of sitasie—

- (a) twee afskrifte van die prosesstuk of sitasie; en
- (b) twee afskrifte van 'n vertaling daarvan in [Afrikaans of] Engels, indien die oorspronklike in 'n ander taal is.”;

- (i) deur in subreël (13) in die Engelse teks die woorde wat paragraaf (a) voorafgaan deur die volgende woorde te vervang:

"After service has been effected the sheriff **[or the sheriff]** or the person appointed for the service of such process or citation shall return to the registrar of the division concerned one copy of the process or citation together with—";

- (j) deur subreël (14) in die Engelse teks deur die volgende subreël te vervang:

"(14) The particulars of charges for the cost of effecting service under subrule (11) shall be submitted to the taxing **[officer]** master of the division concerned, who shall certify the correctness of such charges or other amount payable for the cost of effecting service."

- (k) deur in subreël (15) die woorde wat paragraaf (a) voorafgaan deur die volgende woorde te vervang:

"(15) Wanneer 'n versoek om betekening van 'n siviele prosesstuk of sitasie, nagekom is, besorg die betrokke griffier aan die **[Direkteur-generaal van Justisie]** direkteur-generaal van die departement verantwoordelik vir die regspleging—".

Vervanging van reël 19 van die Reëls

5. Reël 19 van die Reëls word hierby gewysig—

- (a) deur subreël (1) deur die volgende subreël te vervang:

"(1) Behoudens die bepalings van artikel **[27]** 24 van die Wet, word aan die verweerder in elke siviele aksie 10 dae na betekening van 'n dagvaarding aan hom verleen waarbinne **[hy]** die verweerder 'n kennisgewing van voorneme om te verdedig, hetsy persoonlik of deur **[sy]** 'n prokureur, kan aflewer. Met dien verstande dat die dae van 16 Desember af tot en met 15 Januarie nie ingereken word by die toegestane tyd om 'n kennisgewing van voorneme om te verdedig af te lewer nie.";

- (b) deur subreël (2) deur die volgende subreël te vervang:

"(2) In 'n aksie teen 'n Minister, Adjunk-minister, **[Administrateur]** premier of 'n lid van 'n uitvoerende raad, amptenaar of werknemer van die Staat, in **[sy]** 'n amptelike hoedanigheid, of die Staat, **[of die administrasie van 'n provinsie]** moet minstens 20 dae na betekening van die dagvaarding toegelaat word vir aflewering van 'n kennisgewing van voorneme om te verdedig, tensy die hof 'n korter tydperk gemagtig het.";

- (c) deur subreël (4) deur die volgende subreël te vervang:

“(4) 'n Party word nie vanweë [sy] aflewering van 'n kennisgewing van voorneme om te verdedig geag afstand te gedoen het van enige reg om teen die regsbevoegdheid van die hof of teen enige onreëlmatigheid of tekortkoming in die verrigtinge beswaar te maak nie.”

Wysiging van reël 23 van die Reëls

6. Reël 23 van die Reëls word hierby gewysig—

(a) deur subreël (1) deur die volgende subreël te vervang:

“(1) Waar 'n pleitstuk vaag en verwarrend is of beweringe mis wat nodig is om die aksie of verweer te staaf, na gelang van die geval, kan die teenparty in die tyd wat vir die indiening van 'n daaropvolgende pleitstuk toegelaat word, 'n eksepsie daarteen aflewer en by die griffier aansoek doen om dit [ingevolge paragraaf (f) van subreël (5) van reël 6] binne 15 dae ná die aflewering van sodanige uitsondering vir verhoor ter rolle te plaas: Met dien verstande dat—

(a) waar die eksepsie is dat 'n pleitstuk vaag en verwarrend is, [hy binne die bedoelde tyd] die party, by kennisgewing [sy teenparty], binne 10 dae vanaf ontvangs van die pleitstuk, die party wat die pleitstuk aflewer, die geleentheid moet gee om die oorsaak van die beswaar binne 15 dae vanaf daardie kennisgewing te verwyder; [: Met dien verstande verder dat as] en

(b) die party [dan nog] wat eksepsie [wil] opwerp, [hy] dit moet aflewer binne [tien] 10 dae van die dag af waarop [hy] 'n antwoord op [so 'n] die kennisgewing in paragraaf (a) bedoel, ontvang word of [waarop] binne 15 dae nadat die antwoord ingelewer moes gewees het.”;

(b) deur subreël (2) deur die volgende subreël te vervang:

“(2) As 'n pleitstuk aanstootlike, kwelsugtige of irrelevante beweringe bevat, kan die teenparty binne die tyd wat vir die indiening van 'n daaropvolgende pleitstuk toegelaat word, deurhaling aanvra en [sy aansoek ingevolge paragraaf (f) van subreël (5) van reël 6] vir verhoor ter rolle plaas binne vyf dae vanaf verstryking van die tydsbeperking vir die aflewering van 'n antwoordende verklaring of, indien 'n antwoordende verklaring afgelewer word, binne vyf dae ná die aflewering van 'n antwoordende verklaring of verstryking van die tydsbeperking vir aflewering van 'n antwoordende verklaring, in reël 6(5)(f) bedoel: Met dien verstande dat—

(a) die party wat voornemens is om deurhaling aan te vra, by kennisgewing wat binne 10 dae vanaf ontvangs van die pleitstuk afgelewer word, die party wat die pleitstuk aflewer 'n geleentheid moet gee om die oorsaak van die beswaar binne 15 dae vanaf aflewering van die kennisgewing van voorneme van deurhaling te verwyder; en

(b) [maar] die hof mag [dit] die aansoek alleen toestaan as [hy] die hof meen dat die applikant anders in die voer van [sy saak] enige eis of verweer benadeel sal word.”.

Wysiging van reël 68 van die Reëls

7. Reël 68 van die Reëls word hierby gewysig deur item 3(a) van die Tarief deur die volgende item te vervang:

"3. Reistoelae:	
(a) Vir die afstand werklik en noodsaaklikerwys deur die balju of sy of haar verteenwoordiger afgelê, behoudens paragraaf 3(c) en (d) bereken, van die kantoor van die balju af vir die heen- en terugreis, per kilometer of deel van 'n kilometer of gedeelte daarvan.	[5,00] <u>6,00</u> ."

Inwerkingtreding

8. Hierdie Reëls tree op **22 November 2019** in werking.

RULES BOARD FOR COURTS OF LAW ACT, 1985 (ACT NO. 107 OF 1985)**AMENDMENT OF RULES REGULATING THE CONDUCT OF THE PROCEEDINGS
OF THE MAGISTRATES' COURTS OF SOUTH AFRICA**

The Rules Board for Courts of Law has, under section 6 of the Rules Board for Courts of Law Act, 1985 (Act No. 107 of 1985), and with the approval of the Minister of Justice and Correctional Services, made the rules in the Schedule.

SCHEDULE**GENERAL EXPLANATORY NOTE:**

[] Words or expressions in bold type in square brackets indicate omissions from the existing rules.

_____ Words or expressions underlined with a solid line indicate insertions into the existing rules.

Definition

1. In this Schedule "the Rules" means the Rules Regulating the Conduct of the Proceedings of the Magistrates' Courts of South Africa published under Government Notice No. R. 740 of 23 August 2010, as amended by Government Notice Nos. R. 1222 of 24 December 2010, R. 611 of 29 July 2011, R. 1085 of 30 December 2011, R. 685 of 31 August 2012, R. 115 of 15 February 2013, R. 263 of 12 April 2013, R. 760 of 11 October 2013, R. 183 of 18 March 2014, R. 215 of 28 March 2014 and R. 507 of 27 June 2014, R. 5 of 9 January 2015, R. 32 of 23 January 2015, R. 33 of 23 January 2015, R. 318 of 17 April 2015, R. 545 of 30 June 2015, R. 2 of 19 February 2016, R. 1055 of 29 September 2017, R. 1272 of 17 November 2017, R. 632 of 22 June 2018, R. 1318 of 30 November 2018, and R. 842 of 31 May 2019.

Amendment of rule 68 of the Rules

2. Rule 68 of the Rules is hereby amended—

(a) by the substitution of the heading of the following heading:

"Oath of office of interpreter [and intermediary]"; and

(b) by the deletion of sub-rule (1A).

Amendment of Part II of Table C of Annexure 2 to the Rules

3. Part II of Table C of Annexure 2 to the Rules is hereby amended—

(a) by the substitution in item 4 for paragraph (a) of the following paragraph:

"(a) The Sheriff shall, in addition to the fees mentioned in items 1B(a), 1B(b), 2(a) and 2(b), but subject to item 4(b) and (c), be allowed a travelling allowance of ~~[R5,00]~~ R6,00 per kilometre, or part thereof, for the shortest possible forward and return journey from the office of the Sheriff to the place of service or execution and back.";

(b) by the substitution in item 5 for paragraph (a) of the following paragraph:

"(a) In respect of the discharge of any official duty, other than those mentioned in items 1 and 2, but subject to item 4(b) and (c), a travelling allowance of ~~[R5,00]~~ R6,00 per kilometre for every kilometre, or part thereof, shall be payable to the sheriff for going and returning."; and

(c) by the substitution in item 5 for paragraph (d) of the following paragraph:

"(d) When it is necessary for the sheriff to convey any person under arrest, an allowance of ~~[R5,00]~~ R6,00 per kilometre in respect of that portion of his or her journey on which he or she was necessarily accompanied by such person shall be allowed."

Commencement

4. This rule comes into operation on **22 November 2019**.

WET OP DIE REËLSRAAD VIR GEREGRSHOWE, 1985 (WET NO. 107 VAN 1985)
WYSIGING VAN DIE REËLS WAARBY DIE VOER VAN VERRIGTINGE VAN DIE
LANDDROSHOWE VAN SUID-AFRIKA GEREËL WORD

Die Reëlsraad vir Geregrshowe het kragtens artikel 6 van die Wet op die Reëlsraad vir Geregrshowe, 1985 (Wet No. 107 van 1985), met die goedkeuring van die Minister van Justisie en Korrektiewe Dienste, die reëls in hierdie Bylae gemaak.

BYLAE

ALGEMENE VERDUIDELIKENDE NOTA:

- [] Woorde of uitdrukkings in vetdruk dui skappings uit die bestaande reëls aan.
_____ Woorde of uitdrukkings met 'n volstreep daaronder dui invoegings in die bestaande reëls aan.

Woordomskrywing

1. In hierdie Bylae beteken "die Reëls" die Reëls waarby die voer van die verrigtinge van die Landdroshowe van Suid-Afrika gereëel word, gepubliseer kragtens Goewermenskennisgewing No. R. 740 van 23 Augustus 2010, soos gewysig by Goewermenskennisgewing No's R1222 van 24 Desember 2010, R. 611 van 29 Julie 2011, R. 1085 van 30 Desember 2011, R. 685 van 31 Augustus 2012, R. 115 van 15 Februarie 2013, R. 263 van 12 April 2013, R. 760 van 11 Oktober 2013, R. 183 van 18 Maart 2014, R. 215 van 28 Maart 2014 en R. 507 van 27 Junie 2014, R. 5 van 9 Januarie 2015, R. 32 van 23 Januarie 2015, R. 33 van 23 Januarie 2015, R. 318 van 17 April 2015, R. 545 van 30 Junie 2015, R. 2 van 19 Februarie 2016, R. 1055 van 29 September 2017, R. 1272 van 17 November 2017, R. 632 van 22 Junie 2018, R. 1318 van 30 November 2018, en R. 842 van 31 Mei 2019.

Wysiging van reël 68 van die Reëls

2. Reël 68 van die Reëls word hierby gewysig—
- (a) deur die opskrif deur die volgende opskrif te vervang:
- "Ampseed van tolk [en tussenganger]"; en**
- (b) deur subreël (1A) te skrap.

Wysiging van Deel II van Tabel C van Aanhangsel 2 tot die Reëls

3. Deel II van Tabel C van Aanhangsel 2 tot die Reëls word hierby gewysig—
- (a) deur in item 4 paragraaf (a) deur die volgende paragraaf te vervang:

"(a) Die Balju moet, benewens die gelde ingevolge items 1B(a), 1B(b), 2(a) en 2(b), genoem, maar behoudens item 4(b) en (c), 'n reistoelaag toegelaat word van **[R5,00]** R6,00 per kilometer, of gedeelte daarvan, vir die kortste moontlike reis heen en terug van die kantoor van die Balju na die plek van betekening of uitwinning en terug.";

(b) deur in item 5 paragraaf (a) deur die volgende paragraaf te vervang:

"(a) Ten opsigte van die verrigting van enige amptelike plig behalwe dié in items 1 en 2 vermeld, maar behoudens item 4(b) en (c), is 'n reistoelaag van **[R5,00]** R6,00 per kilometer vir elke kilometer, of gedeelte daarvan, aan die balju betaalbaar vir die gaan en terugkeer."; en

(c) deur in item 5 paragraaf (d) deur die volgende paragraaf te vervang:

"(d) Wanneer die balju enige persoon onder arres moet vervoer, 'n toelating van **[R5,00]** R6,00 per kilometer ten opsigte van daardie gedeelte van sy of haar reis waarop hy of sy noodsaaklikerwys deur daardie persoon vergesel is, toegelaat word."

Inwerkingtreding

4. Hierdie reël tree in werking op 22 November 2019.